# HIER EN NOU — My Herder

## Leer om voluit te leef, hier en nou

### Psalm 23 [NLV]

**"Die Here is my herder; daar is niks wat my ontbreek nie."**
**"Wanneer ek loop in 'n donker vallei, sal ek nie bang wees nie, want U is naby my."**
**"U berei vir my 'n feesmaal voor…"**
**"U goedheid en trou vergesel my al die dae van my lewe."**
**EK HOEF NIE NET TE OORLEEF NIE - EK KAN LEER OM VOLUIT TE LEEF**
Ek leef nie asof niks gebeur het nie en asof alles nou reg is nie.
**Maar omdat my Herder teenwoordig is, verander hoe ek leef.**

### MY HERDER

**Ek hoef nie self die bron te wees nie.**
"Die Here is my herder; daar is niks wat my ontbreek nie."
Ek leef nie uit myself en vir myself nie.
Ek hoef nie voortdurend te *strive* vir wat ek dink my lewe volledig sal maak nie.
**Tevredenheid sê:**
*Ek het dalk nie alles wat ek wil hê nie, maar ek het my Herder.*

### MY RUS

**Ek hoef nie voortdurend te hardloop nie.**
"Hy laat my rus in groen weivelde; na water wat verfris, lei Hy my."
Rus is nie om op te hou leef nie.
**Rus is om op te hou om alles self te probeer dra.**
"Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." *Matteus 11:28*
**Jesus nooi my om in Hom te kom rus — en Hy leer my weer hoe om te leef.**
Ek kan nie voortdurend gee en dien as ek self leeg is nie.
**Ek leer om ander mense uit my rus te bedien.**

## MY HERDER SE NABYHEID

**Ek hoef nie bang te wees vir die vallei nie.**
“Wanneer ek loop in ’n donker vallei, sal ek nie bang wees nie, want U is naby my.”
Die Here belowe nie dat daar geen valleie sal wees nie.
**Hy belowe dat ek nooit alleen deur die vallei hoef te loop nie.**
Die lewe gaan weer en weer gebeur.
Maar ek kan in ’n nuwe ritme leef:
**Nie die ritme van vrees nie —**
**maar die ritme van Sy nabyheid.**

## MY NUWE PAD

**Ek hoef nie die hele pad te sien nie.**
“U woord is ’n lamp vir my voete en ’n lig op my pad.” *Psalm 119:105*
God wys selde die hele pad.
**Hy gee genoeg lig vir die volgende tree.**
God belowe nie altyd ’n maklike pad nie;
**Hy belowe Sy teenwoordigheid op elke tree.**
Herstel gebeur dikwels stadig.
Ek ontdek nuwe **voetpadjies** — een tree, een ritme, een keuse op ’n slag.
**God lei my nie net deur my lewe nie —**
**Hy lei my na heelheid.**

## MY TAFEL

**Ek leer weer om te leef.**
“U berei vir my ’n feesmaal voor...”
“U verwelkom my as ’n eregas...”
“...my beker vol te maak met seëninge.”
Dit gaan oor meer as net oorlewing.
**Die Herder lei my na ’n tafel wat Hy dek.**
Daarom:
**Ek eet anders.**
**Ek dink anders.**
**Ek kyk anders.**
**Ek verbind anders.**
**Ek leef anders.**
Want my identiteit het verander.
**Die pyn kan deel van my storie wees,**
**maar dit is nie meer die ereplek in my storie nie.**

## HIER EN NOU — LEEF VOLUIT

Die doel van herstel is nie net dat ek minder seer moet hê nie.
**Die doel is dat ek weer moet leer leef.**
Nie eendag wanneer alles reg is nie.
**Hier en nou.**
Nie wanneer die vallei verby is nie.
**Hier.**
Nie wanneer ek alles verstaan nie.
**Nou.**
Nie wanneer my lewe perfek is nie.
**Vandag.**
**"U goedheid en trou vergesel my al die dae van my lewe."**
*Psalm 23*
Daarom leef ek **connected**:

- Ek stap saam met my Herder.
- Ek is bewus van Sy teenwoordigheid.
- Ek leer om te rus.
- Ek leer om te vertrou.
- Ek leer om te wag.
- Ek leer om nuwe voetpadjies te loop.
- Ek leer om weer aan tafel te sit.
- Ek leer om my beker raak te sien en vol te laat bly deur connected te bly.

## MY KEUSE VANDAG

**Ek leef nie meer net om deur die dag te kom nie.**
**Ek leef omdat my Herder hier is.**
**"Hier en nou is nie die plek waar my lewe eendag gaan begin nie — dit is die plek waar my Herder my vandag ontmoet en my leer om voluit te leef."**
**MY HERDER IS HIER.**
**MY LEWE IS NOU.**
**DAAROM KIES EK OM VOLUIT TE LEEF.****

## ’N EERSTE TREE

**Vandag kies ek om weer op te staan.**
**Ek kies om nie net te oorleef nie.**
**Ek kies om te rus.**
**Ek kies om te vertrou.**
**Ek kies om die volgende tree te neem.**
**Ek kies om weer aan die tafel te sit.**
**Ek kies om my Herder se nabyheid raak te sien.**
**Ek kies om hier en nou te leef.**
**EK KIES OM VOLUIT TE LEEF.**

**Psalm 23: Herder → Rus → Nabyheid → Pad → Tafel → Voluit leef**.